Verwysing: 20201013-8741
Lêerno.: 13/16/1/2
Navrae: Assesseringskoördineerders by distrikte

Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut: 0006/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare en privaat skole

Onderwerp: Bevorderingsvereistes in die Senior Fase (Graad 7 tot 9) in 2020

1. Nasionale Assessering Omsendbrief 05 van 2020 met die datum as 11 Augustus 2020 is deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) vrygestel.

2. As gevolg van die uitwerking van die Covid-19-pandemie op die 2020-akademiese jaar, het die DBO skole leiding gegee oor hoe om die hersiene kurrikulum- en assesseringsprogram te bestuur. Op 03 Augustus 2020, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) die programvoorskrifte in Omsendbrief 0018/2020 uitgereik.

3. WKOD Omsendbrief 0018/2020 het bepaal hoe skole skoolgebaseerde assessering in die oorblywende skoolkwartale in die Algemene Onderwys en Opleidingsband (Graad R tot 9) in 2020 moet bestuur.

4. Skole kon kies om twee van die nege vakaanbiedinge in die Senior Fase af te stel, met die uitsondering van Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Natuurwetenskappe, Wiskunde en Lewensoriëntering, mits die distriksdirekteur die afstelling van die twee vakke goedkeur.

5. Skole kon kies om enige van die twee vakke uit Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese Bestuurswetenskappe, Tegnologie en Skeppende Kunste af te stel.

6. Hierdie minuut dien om skole leiding te gee oor die bevorderingsvereistes in die Senior Fase (Graad 7 tot 9) waar skole twee vakke afgestel het.

7. Die onderstaande kriteria moet toegepas word:

7.1 Vir skole wat **gekies** het om **nie** twee vakke af te stel **nie**, is die huidige bevorderingsvereistes, soos aangedui in die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R tot 12* wat in die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R tot 12, Goewermentskennisgewing Nr. 722 en Nr. 723, *Staatskoerant* Nr. 34600 van 12 September 2011 gepubliseer is, van toepassing.

7.2 Skole wat **gekies** het om twee van die nege vakaanbiedinge af te stel, moet kwartaal 1 se punte vir die vakke wat gestop is, as die finale punt in hierdie vakke gebruik. Die punt wat die leerder in kwartaal 1 behaal het, moet opgegradeer word op grond van die huidige kriteria wat op nege vakke gebaseer is.

8. Die toepassing van hierdie kriteria geld slegs vir 2020.

9. Die WKOD ondersoek tans die impak op die verlies van onderrigtyd in die 2020-akademiese jaar as gevolg van die Covid-19-pandemie. Voorstelle oor moontlike punteaanpassings en kwytskelding sal gedoen word sodra die ondersoek afgehandel is. As puntaanpassings en kwytskelding benodig word, sal 'n minuut aan skole uitgereik word.

10. Die WKOD se rekordhouding- en verslagdoeningsprogramme vir graad 7 tot 9 sal in kwartaal 4 bygewerk word om die proses outomaties te maak sodra meer duidelikheid oor die moontlike puntaanpassings en kwytskelding van die DBO ontvang word.

11. Alle skole moet die bevorderingsvereistes wat in hierdie minuut uiteengesit is effektief implementeer.

12. Prinsipale van skole wat graad 7 tot 9 aanbied, word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut met alle onderwysers te deel.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-10-14